PLATINUM BUSHVELDER sports

SPORT

# Super Rugby 2020 Week 6

**Sunwolwes vs Brumbies**
Soos verwag klop die Brumbies die Japanese Wolwe 47-14. Met hierdie oorwinning is die Brumbies nou eerste in die *Aussie* konferensie en derde op die algehele puntetabel.
Die Brumbies speel volgende teen die Waratahs in Canberra met die Wolwe wat die Crusaders in die Reds se ou staduim Suncorp moet trotseer weens Coronavirus vreese in Japan.

**Crusaders vs Reds**
In Christchurch moes die Saders baie hard werk vir hulle oorwinning oor 'n begeesterde Reds span en wen 24-20. Dit het gelyk of die Reds vir die eerste keer weer in sewe jaar wen maar swak stelskop-werk was hulle ondergang. Die Reds het vier keer agter die doellyn gekuier en die tuisspan slegs drie keer.Die Crusaders speel volgende teen die Sunwolwes. Die Reds gaan teen die Bulle in Brisbane uitdraf.

**Waratahs vs Chiefs**
Die Tahs word verneder in Sydney deur die Chiefs en verloor met 'n rekordtelling van 51-14. Die skakelpaar, Brad Weber en Aaron Cruden, het die dag oorheers met puik spel. Die Chiefs speel volgende teen die Hurricanes in Hamilton. Die Waratahs gaan in 'n Aussie derby teen die Brumbies Canberra uitdraf.

**Hurricanes vs Blues**
Dissipline, is 'n woord wat die Canes baie vinnig sal moet leer en dan toepas **ou grote** want hulle gaan nog krokodiltrane huil later vanjaar. Hulle verloor 24-15 teen die Blues wat nou sesde op die puntetabel inskuif en die Canes val na die agste plek.
Die Hurricanes gaan in 'n klipharde *Kiwi* derby teen die Chiefs in Hamilton te staan kom. Die Blues draf teen die Leeus in Auckland uit.

**Rebels vs Leeus**
Die Rebelle het die Leeus se tande getrek en hulle maanhare in Franse vlegsels verander ou grote. Die *Jo'burgers* verloor 37-17 en dit ook vir die eerste keer teen die Aussie Rebels. Terloops ou grote, die Leeus het nou die onderste plek op die puntetabel by die Bulle gegaps.
Die Rebels het in week sewe 'n loslootjie. Die Leeus gaan teen die Blues in Auckland uitdraf.

**Haaie vs Jaguares**
Die haaie speel goeie ruggas en behaal welverdiend 'n goeie oorwinning oor die Jaguares.
Die Durbaniete wen 33-19 en was ongelukkig om nie 'n bonuspunt te verdien nie maar het dan met hierdie wen tot die eerste plek op die algehele puntetabel geklim.
Die Haaie speel volgende in 'n tamaai SA derby teen die Stormers in die Haaitenk, en wat 'n riller gaan dit nie wees nie maats. Hierdie *game* is vir beide spanne amper soos 'n eindstryd **ou grote.**
Die Jaguares speel tuis in Buenos Aires teen die Highlanders.

**Bulle vs Highlanders**
Die Bulle stel die handjievol toeskouers op Loftus nie teleur nie en behaal hulle eerste oorwinning van die seisoen. Die naam Jake White is in die gange gefluister en dit het dalk die vonkie aangesteek om kole te gooi. Hulle klop die besoekers 38-13 en verdien toe ook 'n bonuspunt.
Die ster van die dag was die gewese Blitsbok spoedvraat Rosco Spekman wat skitter en gaan kuier drie keer agter die doellyn.
Die Bulle reis nou na doer onder en draf in die eerste *game* op toer uit teen die Reds in Brisbane met die Highlanders wat in Buenos Aires teen die Jaguares gaan opdraf.

# MARAKELE MARATHON A SUCCESS!

**Thabazimbi –** South African National Parks (SANParks) teamed up with the Marakele National Park to deliver the 12th successful long-distance running competition.
The annual Marakele Marathon is fast becoming quite popular on the calendar of those who enjoy pushing themselves to the limit.
The marathon was held on Saturday 7 March and attracted many participants.
Professional long-distance runners were also among those who took part in the main 42.2km competition, which is also an official qualifying race for both the Comrades and Two Oceans marathons.
Other participants also had the choice of competing in either the 5km fun run or the 10km half marathon.
There was plenty of enjoyment, both for the competitors as well as those who watched from the side-lines.
Runners competing in the 42.2km started at the gate of the park and had to follow a scenic route through the facility – which is only habitat of the Big Five but is also home to the second-largest colony of Cape Vultures in the world.
This route took runners around the park and back to the gate, where they started off.
Rangers were present throughout the route to keep runners safe and ensure they remained hydrated throughout the gruelling marathon.
Othaniel Phalaneemerged as the winner in the men's race with a great time of 2:37:12 hours while Innocent Mavesere came out on top in the women's race in 3:10:44 hours
A big thank you to all the sponsors for playing a key role in the success of the event.


Competitors from Suid-Afrikaanse SAVF took part in the races.



Othaniel Phalane won the men's 42.2km race.


Jacques Blaauw (red t-shirt) enjoyed being part of the successful event.

Stuur jou event na news@platinumbushvelder.co.za ** Gratis Plasing!

# PLATINUM DAGBOEK

... Om jou te herinner van komende gebeure...

| FUNKSIE | DATUM | LOKAAL | KONTAK |
|---|---|---|---|
| Knipmes en Lipstick Aand | 13 Mar '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 083-235-3798 |
| Barney's Nursery School Annual Golf Day | 28 Mar '20 | Thabazimbi: Golf Course | 076-791-4659 |
| Golf Day Fundraiser | 4 Apr '20 | Swartklip: Golf Club | 084-583-7345 |
| Voetspoorfees | 1-2 Mei '20 | Thabazimbi: Aanloopbaan | 072-290-6815 |
| Acorn Kids Kompetiesie | 9 Mei '20 | Thabazimbi: Echo Mountain Inn | 082-375-8397 |
| Speed Rally | 17-18 Jul '20 | Thabazimbi: Skou Gronde | 082-328-4586 |
| Hoërskool Frikkie Meyer Touch Rugby | 29 Aug '20 | Thabazimbi: Hoërskool Frikkie Meyer | 073-578-8728 |